N.G. Gemeente Oudtshoorn Welgeluk

Posbus 762, Oudtshoorn, 6620
Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn
GPS: Lengtegraad : -33.6103100 Breedtegraad: 22.2012000

VISIE: Om met liefde te bou aan God se Koninkryk

Erediens: 15 Maart 2020

Prediker: Ds. Bertine Malan

Teks: Eksodus 17:1-7

Tema: Hoop in krisisse wat steeds volg.

1. Nadat die hele volk Israel uit die Sinwoestyn vertrek het, het hulle op bevel van die Here van plek tot plek gegaan totdat hulle by Refidim kamp opgeslaan het. Maar daar was geen water vir die volk om te drink nie.

2. Toe het die volk met Moses rusie gemaak en gesê: "Gee jý vir ons water om te drink!" En Moses antwoord hulle: "Waarom maak julle rusie met my? Waarom stel julle die geduld van die Here op die proef?"

3. Maar die volk was dors en hulle het vir Moses verwyt: "Waarom het jy ons uit Egipte laat optrek om ons en ons kinders en ons vee van dors te laat omkom?"

4. Daarna het Moses tot die Here geroep: "Wat moet ek met hierdie volk aanvang? Netnou gooi hulle my met klippe dood." 5. Toe sê die Here vir Moses: "Loop voor die volk verby en neem van die leiers van Israel saam. Vat ook die kierie waarmee jy op die Nyl se water geslaan het, en stap vooruit.

6. Ek sal daar reg voor jou op die rots by Horeb staan. Dan moet jy teen die rots slaan, en daar sal water uitloop vir die volk om te drink." Moses het dit toe gedoen voor die oë van die leiers van Israel.

7. Hy het die plek Massa en Meriba genoem omdat die Israeliete daar met Moses rusie gemaak het en ook omdat hulle die geduld van die Here op die proef gestel het toe hulle gesê het: "Is die Here by ons of nie?"

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178: E-pos – ajpotgieter@telkomsa.net
Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455: E-pos – bertinemalan@gmail.com
Kerkkantoor : Tel nr. (044) 272 4391 : Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00
E-pos adres: ngwelgeluk@telkomsa.net www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za
Bankbesonderhede: NG Oudtshoorn – Welgeluk: Nedbank: Takkode: 175205: Rek: 1006783962

Lief en Leed

Baie geluk aan ons sewentigplussers wat in volgende paar weke verjaar:

Kitty Swart	15 Maart 2020
Miemie Rademeyer	16 Maart 2020
Mariëtte Brooks	20 Maart 2020
Danie le Roux	25 Maart 2020
Rudolf Bothma	25 Maart 2020
Ria Neuwenysch	26 Maart 2020
Isa Robertson	27 Maart 2020
Doreen Coetzee	29 Maart 2020
Stefaans Ferreira	29 Maart 2020

Ons dink in ons gebede aan die volgende persone vir hul gesondheid:

- **Deon Jacobs** van Theronstraat 8;
- **Flip Fourie** van Oudtshoorn Aftreeoord 16;
- **Ina du Plessis** van Parkweg 54.
- Ons innige simpatie gaan aan die **Van Antwerpen en Smutsfamilies** met die afsterwe van Magdalena van Antwerpen. Die teraardebestelling is op Dinsdag 17 Maart om 10:00 by die begraafplaas en die toosdiens om 11:00 in ons kerk.

Ons bid vir die volgende sake:-

- **uitkoms vir reën in ons Klein-Karoostreek wat erg geraak word deur die voortslepende droogte asook ander droogtegeteisterde gebiede in ons land;**
- **maatskaplike en politieke uitdagings wat ons land in die gesig staar; en die**
- **moeilike omstandighede van medegelowiges in Zimbabwe en Bosnië.**

Sondag: 15 Maart 2020
DERDE LYDENSWEEK

- **Erediens om 09:00.**
- Die deuroffers gaan aan **Gemeentebediening.**
- **Jeuggroepe** verdaag net na die erediens na hul klasse.
- Kom geniet heerlike koue **sap** net na die erediens in die saal.

PROGRAM VIR DIE WEEK
DINSDAG: 17 Maart 2020

- **Kerkraadsvergadering om 18:30** in die konferensiekamer.

Woensdag: 18 Maart 2020

- **Geen Vroue- en Mannebybelstudie** nie.
- **Kruispad** by Langenhoven Gimnasium om 18:00 vir al ons hoërskool leerlinge.

Vrydag: 20 Maart 2020

- **Kerkkantoor en skole sluit.**

<u>Belangrike datums vir die kwartaal</u>

Sondag: 22 Maart 2020
Vierde Lydensweek

- **Erediens om 09:00** word waargeneem deur Ds. Andries Potgieter.
- Deuroffer gaan aan **Gemeentefondse.**

Vrydag: 27 Maart 2020 tot Sondag 29 Maart 2020

- **Imagine Belydeniskamp** te Bredasdorp.

Sondag: 29 Maart 2020
Vyfde Lydensweek

- **Erediens om 09:00** word waargeneem deur Ds. Bertine Malan.
- Deuroffer gaan aan **Gemeentefondse.**

Dinsdag: 31 Maart 2020

- **Kerkkantoor heropen.**
- **Skole heropen.**

ALGEMEEN

- **Nuwe lidmate** word versoek om u kontakbesonderhede in die boek op die tafel in die voorportaal aan te bring en ook die vorm gemerk "lidmaatbesonderhede" te voltooi en so spoedig aan die skriba te besorg.

- **Lidmaat gegewens-**
  Dit sal waardeer word as u asb. die kerkkantoor in kennis stel indien u e-posadres, selfoonnommer, telefoonnommer of woonadres verander. Dit help ons om ons rekords op datum te hou.

- **N.G. Oudtshoorn-Welgeluk basaar: 8 Mei 2020**
  Reëlings vir die basaar vorder fluks. Dienswerkers sal vanaf eerskomende Maandag die basaar-kollektelyste in die wyke uitdeel.

- **Hulp aan behoeftige bejaardes**
  Die gemeente is tans betrokke by behoeftige bejaardes. Ons wil hul ook help met kruideniersware. Indien u hierby betrokke wil raak, kan van die volgende items by die kerkkantoor afgegee word:

Blikke 250 gram kitskoffie	Rooibostee - 80 sakkie pakke
Gewone tee-100 sakkie pakke	Weetbix – 450 gram
Blikkies tuna	2 liter Oros koeldrank
400 gram grondboontjiebotter. Fyn of grof gemeng.	400 gram konfyt of 125 gram Marmite
Pakkies 2 minute noodles	Pakkies Mariebeskuitjies
Pakkies "Lemon Creams"	2,5 kg suiker

Welkom by die erediens, mag elkeen van ons opnuut die teenwoordigheid van die Here hier beleef!